# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
ANNUAL GENERAL MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **11 SEPTEMBER 2012**

PIETERSBURG

Kantoor: LA Sport, 19de Straat no.27, Industria.
Tel. No. 015 297 8267
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Decs de Jager Tel. No. 082 809 0391 e-pos: wectra@mweb.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING
## STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming** | |
| | Rudi Myburgh open die vergadering en heet almal welkom. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Nominasies vir bestuur / Nominations for management** | |
| | Rudi Myburgh verklaar dat, volgens die grondwet, alle nominasies vir nuwe bestuurslede gesluit het. | Rudi Myburgh |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies** | |
| | Marinus Pretorius, Ben Bronkhorst, Jaco Jooste, Andrè van der Merwe, Nico Bierman, Pieter Lombaard. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List** | |
| | Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. Die Voorsitter bevestig `n korum. | Almal |
| 1.5 | **Doelstellinge** | |
| | Rudi Myburgh lees die doelstellinge van die Vereniging voor. | Rudi Myburgh |
| 1.6 | **Mosies / Motions** | |
| | 1.6.1 Basie Buitendach se seun is oorlede. | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | 1.6.2 Andrè de Lange se seun is oorlede. | Almal |
| **1.7** | **Vasstelling van die sakelys** | |
| | 1.7.1. Konstitusionering van die vergadering<br>Die Voorsitter bevestig dat kennis van die vergadering wel volgens die grondwet in tyd geskiet het en dat `n korum teenwoordig is. Die vergadering is dus wettig. | Almal |
| | 1.7.2 Sakelys<br>Die volgende punt word by die sakelys gevoeg:<br>2.1 PMP Groeperingskiet – 15 September 2012<br>2.2 BJV Dinee – 24 November 2012 | Almal |
| **1.8** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.8.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 13 September 2011. | Almal |
| | 1.8.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Geen regstellings in genotuleer nie. | |
| | 1.8.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Nico Wepener | |
| | 1.8.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Bertus Visagie | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Jaarverslag van die Voorsitter<br>Die Voorsitter lewer sy verslag. Nico Wepener versoek dat die name van lede wat geliefdes verloor het onder punt 1.6 genotuleer word. Die verslag word aan die oorspronklike notule geheg. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.2 Finansiële verslag<br>Die Tesourier lewer sy verslag. Die tak het `n groei in ledetalle gehad die afgelope jaar. In Augustus 2011 was daar 302 lede in die tak. Tans het die tak 331 lede. Inkomste vir die afgelope jaar het R196 018.00 beloop terwyl die uitgawes R211 621.00 was. Daar was dus `n verlies van R15 603.00 vir die afgelope jaar. Heelwat nuwe toerusting is egter aangekoop met die verskuiwing van die administratiewe kantoor. Nico Wepener noem dat die finansies goed lyk. Op `n vraag uit die vergadering bevestig Ben dat daar wel nog lede is wat nog nie | BRedelinghuys |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | hulle 2011/12 ledegelde betaal het nie.<br><br>Rudi bedank Ben vir sy harde werk met die bestuur van die tak se finansies.<br><br>Die verslag word by die oorspronklike notule aangeheg.<br><br>1.9.3 Verkiesing van nuwe bestuur<br><br>Decs de Jager, wat vir die afgelope jaar as onder-voorsitter gedien het, dien sy bedanking in. Twee nominasies is ontvang vir onder-voorsitter. Bertus Visagie en Gerhardt de Villiers word dus versoek om die lokaal te verlaat waarna `n stemming gehou word. Met die opsteek van hande, waartydens Gerhardt 13 en Bertus 29 stemme gekry het, word Bertus Visagie tot nuwe onder-voorsitter verkies.<br><br>Aangesien daar geen nominasies was vir voorsitter, sekretaris of tesourier nie, word Rudi Myburgh weer as voorsitter aangewys, Stephan du Plessis as sekretaris en Ben Redelinghuys as tesourier.<br><br>Die 2013 bestuur is dus:<br><br>Voorsitter: Rudi Myburgh<br>Onder-Voorsitter: Bertus Visagie<br>Sekretaris: Stephan du Plessis<br>Tesourier: Ben Redelinghuys<br><br>Die nuwe bestuur sal vergader om nog lede te ko-opteer. | Almal |

**2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING**
**NEW ISSUES FOR DISCUSSION**

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **PMP Groeperingskiet – 15 September 2012**<br><br>Rudi rapporteer dat daar vir ongeveer 400 skuts beplan word. Daar word dus nog persone gesoek om tydens die byeenkoms te kom help. Lede wat beskikbaar is moet na die vergadering vir Rudi kom sien. | Rudi Myburgh |
| **2.2** | **BJV Dinee – 24 November 2012**<br><br>Nico Wepener rapporteer dat die Vereniging se afsluiting en dinee op 24 November 2012 sal plaasvind in die BJV saal. Tydens die | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | geleentheid sal `n driegang maaltyd aangebied word. Pryse en toekennings sal aan lede en borge uitgedeel word en DJ Ossewa sal optree. Die funksie is gratis en alle lede word aangemoedig om die geleentheid by te woon. Pietersburg tak moet minstens 60 sitplekke neem. | Nico Wepener |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **CHASA Raadsvergadering**<br><br>Nico Wepener rapporteer dat die BJV die afgelope naweek die gasheer was vir die CHASA Raadsvergadering.Die vergadering het by die Klein Kariba oord buite Warmbad plaasgevind en was `n groot sukses. | Almal |

**4. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Rudi Myburgh sluit die vergadering af met `n gebed en nooi almal uit om saam te kom kuier en eet. Die tak borg R25.00/persoon. | |

**5. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________
Sekretaris Datum

____________________ ____________________
Voorsitter Datum